Communitas
Midrand Afrikaanse Akademie

Asseblief, moet nie met jou kind se taal eksperimenteer nie!

Taal is die setel van ons siel

Jou moedertaal verwoord jou hart en jou drome, daarin bid en skel jy. Dis jou grootste geskenk aan jou kind.

Lees en skryf ontwikkel suksesvol as 'n kind 6 of meer jaar se onderrig in sy moedertaal kry; dit beteken tot die ouderdom van 12 jaar, of Graad 6. Moedertaalonderrig kan nie vervang word nie.

Die eksperiment om kinders in hulle 2de of 3de taal te onderrig het totaal misluk. Prof. Jonathan Jansen van Stellenbosch (Opvoeding) se uitgebreide navorsing toon dat 4 uit 5 kinders word gefaal deur ons sisteem.

Jou kind moet beslis by 'n Afrikaanse kleuterskool begin

Taalvorming begin reeds voor geboorte, maar wanneer kleuters hulle eerste woorde sê, moet hulle met 'n moedertaalomgewing gekomplimenteer word.

Volgens 2012 se jaarlikse nasionale assessering (ANA) presteer meer as een uit drie Gr. 1- en 2-leerlinge nie op standaard nie. In Gr. 3 is dit erger met een uit elke twee leerlinge wat onderpresteer. Studies wat in 2007 gedoen is, het bevind dat 'n minderheid leerlinge teen einde Augustus/September minstens een keer per week in 'n oefeningboek geskryf het. Nie eens een uit vier kon kort sinne skryf nie. Drie uit vier kon nie kort paragrawe skryf nie, en meer as drie uit vier het glad nie langer sinne geskryf nie. Dit, terwyl leerlinge in hul belangrikste vormingsjare is...

Die heel beste is om in jou moedertaal matriek te skryf met verkieslik Engels as Eerste Addisionele taal. Die IEB-sillabus wat MAA volg, bied leerlinge die opsie om Engels ook as bykomende Huistaal aan te bied. Dit maak die leerder 100% gereed om met vertroue tot die uitdaging van naskoolse studie- en leefwêreld toe te treë.

MEERTALIGHEID IS EEN VAN DIE MEES GESOGTE VEREISTES IN DIE WERKPLEK